

MAART: God se verlossingstroos uitgespel in die Briewe, Hebreërs en Openbaring

Dinsdag 12 Maart

Skrifgedeelte: Efesiërs 3:1-13

Fokusgedeelte: Efesiërs 3:3-6

Ons troos: God het sy geheimenis geopenbaar

Paulus onderbreek sy gebed (vs 1, 14-19) om aan gelowiges in Efese en aan ons 'n geheimenis bekend te maak. Geheimenis wys na planne en besluite van God (vs 9) wat geen mens ken nie. God het sy plan, wat Hy vir eeu geheim gehou het, nou geopenbaar:

- aan Paulus self deur 'n openbaring (vs 3);
- deur die Gees aan sy heilige apostels en profete (vs 5).

Die geheimenis is dat God gelowige Jode en nie-Jode in en deur Christus een maak. Gelowige Jode en nie-Jode is saam een volk, een liggaam (vs 6). In die Ou Testament is verlossing vir Jode en nie-Jode bekend gemaak (Gen. 12:3; Jes. 49:6). Nooit is daar gesê dat Jode en nie-Jode saam een volk en een liggaam sal word nie. Nou het God die geheimenis bekendgemaak. Hy het Paulus geroep en die opdrag gegee om die blye boodskap aan die heidennasies te verkondig (vs 2, 7-8).

Alle gelowiges moet die blye boodskap hoor, want sonde verdeel en skei. Ons sondige natuur laat ons skeiding kies bo eenheid. Daarom fokus ons meer op verskille as op ons "een-wees" in Christus. Ook ons moet opnuut die geheimenis in geloof aanvaar en omhels:

- gelowiges, ongeag ras of kleur of stand, is saam in Christus een volk van God (vs 6);
- dit maak dus geen verskil of 'n mens 'n Jood of 'n Griek is nie, want dieselfde Here is Here van almal, en Hy seën almal wat Hom aanroep, ryklik, want elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word (Rom 10:12-13);
- dit maak nie saak of iemand Jood of Griek, slaaf of vry, man of vrou is nie: in Christus Jesus is ons almal één (Gal. 3:28).

Die troos wat hierdie eenheid ons gee, is dat ons almal saam deel in die ryke beloftes van God (vs 6) en in die rykdom seëninge in Christus (vs 8; Ef. 1:3-14). Mag die geheimenis ons bewaar van "Dopper-hoogmoed". Laat ons onthou, God het die geheimenis geopenbaar om verkondig te word. Al bring dit swaarkry (vs 1, 13), laat ons getrou aan almal rondom ons verkondig: "Al die gelowiges in ons land en oor die wêreld heen is saam een volk van God."

Sing: Skrifberyming 12-2:4, 5

Ds. FM (Frederik) Dreyer (Noordrand)